Geagte Pasiënt

Ons verwelkom u graag as 'n pasiënt van Atlantic Anaesthetics. Atlantic Anaesthetics, 'n assosiasie van 10 narkotiseurs, bestaan sedert 2007 en ons is trots op die sterk tradisie van veilige en persoonlike diens wat ons opgebou het. Ons is aktief betrokke by voortgesette professionele onderrig en bly sodoende ingelig oor vooruitgang en nuwe ontwikkelings op die gebied van narkose.

1. NARKOSE INLIGTING

U **Anestesioloog** is 'n spesialis mediese dokter wat vir ten minste 13 jaar opleiding ondergaan het, 5 jaar daarvan in narkose om haar/hom in staat te stel om u vitale tekens (nl. asemhaling, hartspoed, bloeddruk, temperatuur ens.) te monitor, te beheer, u pynvry te hou tydens die chirurgie en sover moontlik 'n veilige en gemaklike herstel te bewerkstellig.

VOOR DIE OPERASIE

Nadat u in die hospital toegelaat is, sal u deur u anestesioloog gesien word. Maak gerus van hierdie geleentheid gebruik om enige vrae of bekommernis oor die narkose, sowel as u vrae oor die narkose tariewe en fooie te bespreek.
U mag dalk 'n ligte kalmeermiddel ontvang om u te laat ontspan voor die operasie.
Sou u verkies om u anestesioloog voor die prosedure by die spreekkamer te sien, kan dit so gereël word.
U kan al u roetine medikasie neem behalwe as die chirurg u andersins versoek het.

Belangrike voorsorgmaatreëls : U mag **geen** kos of vloeistof inneem voor die narkose vir:
8 ure : Groot vetterige maaltye
6 ure : Normale maaltye (melk ingesluit)
6 ure : Enige inname as u lei aan diabetes, refluks of maagprobleme
4 ure : Babas wat borsmelk drink
2 ure : Helder vog bv. water, helder appelsap, Energade drankies, ens.
Versuim om bg. na te kom sal noodsaak dat die operasie uitgestel moet word in belang van u eie veiligheid.

VERSKILLENDE VORMS VAN NARKOSE

Daar is vier soorte narkose: Bewuste sedasie, plaaslike verdowing, streeksverdowing en algemene narkose. Die soort narkose word bepaal deur die tipe chirurgie, u algemene gesondheidstoestand en u persoonlike voorkeur. U anestesioloog sal u adviseer betreffende die beste tipe narkose in u spesifieke geval. U word aangemoedig om enige vrae t.o.v. die narkose met u anestesioloog te bespreek.
Na afloop van die operasie gaan u van die teater na die herstelkamer waar daar voortgegaan word om u toestand te monitor. U mag dalk 'n rukkie deurmekaar wees wanneer u besig is om u bewussyn te herwin.
Dit mag nodig wees vir u anestesioloog om u na die operasie in die saal te besoek om u algemene toestand en pynbehandeling te herevalueer.
U moet vir ten minste 24 uur na die operasie nie 'n voertuig bestuur, met gevaarlike toerusting werk of belangrike besluite neem nie. Sorg asseblief dat iemand anders u huis toe neem as u op dieselfde dag van die operasie uit die hospitaal ontslaan word.

RISIKO'S VERBONDE AAN NARKOSE

Ondanks voorkomende maatreëls, vordering en toepassing van die beste narkose tegnieke, is daar nog steeds risiko's verbonde aan narkose. Hoewel nie allesomvattend, volg hiermee 'n lys van moontlike komplikasies:
Algemene newe-effekte: Duiseligheid, keelseer, naarheid en braking, minor beserings van die lippe of tong.
Raar komplikasies: Perifere en/of ander senuwee skade, bloeding, allergiese reaksies, skade aan tande en krone, lugwegbeserings, skaafplekke aan die oë, sagte weefselbeserings, vaskulêre beserings, pneumotoraks, inasem van maaginhoud en seer spiere.
Baie raar komplikasies: Bewustheid tydens algemene narkose, hipoksie, hartstilstand, breinskade en selfs sterfte.
Tydens **streeksverdowing** is daar 'n **klein risiko** van lokale verdowingsmiddel toksisiteit, onvolledige blok, hartstilstand, infeksie, hoofpyn en neurologiese skade, insluitend verlamming en selfs sterfte.
Bydraende risiko faktore is dwelmmisbruik, rook, vetsug, diabetes, spiersiektes, hart en long- of ander sistemiese siektes, veral wanneer dit nie goed gekontroleer is nie.

Dr Peter Bowden/Dr Louis Eitner/Dr Dirk Lilienfeld/Dr Geraldine Lloyd/Dr Belinda Prestage/
Dr Adi Smit/Dr Renier Verbeek/Dr Ania von Bormann/Dr Danté Wessels/Dr Claire Zondagh

Kamer A2-8, Netcare Blaauwberg Hospitaal, Waterville Singel, Sunningdale, 7441
TEL: (021) 554 5976 / OP ROEP 0861 766693 / FAKS: (021) 554 4148
www.atlanticanaesthetics.co.za

2. **NARKOSE REKENING EN TOESTEMMING**

U REKENING

Let asseblief daarop dat fooie vir narkose 'n **aparte rekening** is en nie deel uitmaak van die hospitaal en chirurg se rekeninge nie.

Afhangende van die **mediese fonds** of **versekeringsplan** waaraan u behoort, sal u gesondheidsversorger u narkose fooie tussen 30% tot 100% dek. Dit is soortgelyk aan korttermynversekering, waar beide die dekking en die vlak van bybetaling bepaal word deur die individuele versekeringsplan en paaiemente betaal deur die versekerde persoon. Met ander woorde, u kontrak met u mediese fonds is totaal apart van die ooreenkoms met u anestesioloog.

Om ons in staat te stel om die vlak van professionele diens te lewer wat ons pasiënte verdien, word ons fooie gekoppel aan die koste om die narkose diens te verskaf en gebruik ons die koste van ander professionele dienste as maatstaf.

Hierdie praktyk se fooie bly binne die maksimum toepaslike RGBSA fooi riglyne, maar mag u mediese fonds se RPL tarief oorskry.

Met ondertekening van hierdie vorm, aanvaar u dat **u persoonlik verantwoordelik sal wees vir die betaling** van u rekening, ongeag of u mediese fonds die volle rekening betaal of nie, vir welke rede ook al. U word dus aanbeveel om vooraf by u mediese fonds uit te vind watter vlak van dekking hulle bied.

Indien u 'n **beraming van die koste verlang voor die operasie**, kontak asseblief ons kantoor.

Die narkose fooi is saamgestel uit 3 afsonderlike fooie: 'n pre-operatiewe risikobepaling, die narkose tyd en 'n prosedure verwante narkose fooi. 'n Inligtingstuk oor narkose fooie is beskikbaar by die praktyk.

Verskeie faktore beïnvloed die koste van u narkose en kan veroorsaak dat die finale narkose fooi verskil van die beraamde koste. **'n Nie-allesomvattende lys sluit die volgende in:**

Duurte van die operasie, onbeplande of na-ure prosedures, morbiede obesiteit, hipotensiewe chirurgie, gespesialiseerde tegnieke vir pynbehandeling, die inplaas van spesiale binne-aarse lyne en versorging in die Intensiewe Sorg Eenheid.

Alle rekeninge is betaalbaar binne 30 dae na dienslewering.

TOESTEMMING

Dit is 'n wetlike vereiste om skriftelike narkosetoestemming te verkry en u word versoek om die volgende afdelings van die aangehegte GROEN NARKOSE VORM te voltooi. U moet dit oorhandig aan die anestesioloog op die dag van u prosedure:

A. Ooreenkoms tussen die anestesioloog en die pasiënt.
B. Naam van die pasiënt.
C. Naam van die mediese fonds hooflid of persoon verantwoordelik vir die rekening.
D. Narkose vraelys.

Hierdie is 'n baie belangrike dokument aangesien dit besonderhede van u mediese toestande aan die anestesioloog bekend maak.

Bespreek gerus enige onduidelikhede of vrae met ons, beide voor en na u prosedure.
Ons wil u graag verseker van ons verbintenis tot die hoogste kwaliteit gesondheidsorg en diens en ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u 'n spoedige herstel toe te wens.

Ek bevestig dat ek hierdie Narkose Inligtingsvorm gelees het, dat ek die inligting hierin verstaan, insluitend die voorkoms van moontlike komplikasies en newe-effekte wat inherent verband hou met die toediening van narkose en dat ek die geleentheid gebied is om vrae ter verduideliking aan die anestesioloog te vra.

.....
Naam van Pasiënt of Verantwoordelike Persoon in drukskrif

.....
Handtekening van Pasiënt of Verantwoordelike Persoon

...../...../..... **.....**
Datum **Plek**

Dr Peter Bowden/Dr Louis Eitner/Dr Dirk Lilienfeld/Dr Geraldine Lloyd/Dr Belinda Prestage/
Dr Adi Smit/Dr Renier Verbeek/Dr Ania von Bormann/Dr Danté Wessels/Dr Claire Zondagh

Kamer A2-8, Netcare Blaauwberg Hospitaal, Waterville Singel, Sunningdale, 7441
TEL: (021) 554 5976 / OP ROEP 0861 766693 / FAKS: (021) 554 4148
www.atlanticanaesthetics.co.za